# 18 September 2023 - Lesing 129 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Kort of lang lewensduur

**NO: 7538** Die tyd wat aan jou gegee is vir jou aardse lewe is baie kort in vergelyking met die eindelose lank tyd van jou **voorafgaande ontwikkeling**, wat 'n onberekenbare lank tyd is.

Jou aardse lewe kan ook nog verkort word, sodat jy vroegtydig opgeroep kan word na die ewigheid. Daarom moet jy met alle ywer **op jou siel bedag wees** en haar al die moontlike gee wat haar pas. Jy moet haar **voeding** gee sodat sy geen gebrek hoef te ly nie, al is haar bestaan op hierdie aarde maar kort.

Jy moet haar steeds ryklik van spys en drank voorsien en nooit op 'n baie lang lewe op aarde reken nie, want jy ken nie die dag, nog die uur, van jou liggaamlike einde nie.

Jou siel kan egter binne 'n baie kort tyd tot rypheid kom as jou wil goed is en haar help om haarself te voltooi. Geen mens kan sy leeftyd bepaal of is daarvan op hoogte nie en juis hierdie onwetendheid moes hom aangespoor het tot ywerige arbeid aan sy siel. Hy moet sy lewe lei sodat hy rustig **elke dag as die laaste kan sien,** sonder dat hy vir sy sieleheil moet vrees.

En gedurende die eindtyd sal baie mense hul lewe beëindig, want daar sal nog 'n groot sifting plaasvind en baie mense sal terwille van hul eie sieleheil **vroegtydig opgeroep** word. En wel, omdat hulle op aarde versuim het om aan hul siele te werk, maar wie tog nie aan die onbarmhartige woede van God se teenstander ten offer sal val nie, wie hulle maar net dieper in die afgrond wil intrek, sou hierdie siele nie vroeër van hom ontruk gewees het nie.

Juis die mense sonder 'n geestelike strewe dink nie aan 'n vroeë dood nie. Hulle lei hul lewe onverantwoordelik, **sonder dat hulle egter sleg genoem kan word.**

God erbarm Hom oor hulle en Hy wil hulle help om **vêrder te ontwikkel in die hiernamaals**, waar dit wel baie moeiliker vir hulle sal wees, maar tog nie onmoontlik nie. Terwyl die lot van sulke siele op aarde miskien 'n **algehele wegsinking** in die diepte kon gewees het, as hulle sonder verantwoordelikheidsbesef deur die lewe sou gaan.

Geleenthede waarby jy kan uitryp tydens die aardse lewe word jou genoeg aangebied, maar as jy dit nie gaan benut nie, maak jy ook nie goed gebruik van jou lewe as mens nie, wat slegs aan jou gegee word met die doel om jou siel te vervolmaak. En dan is dit ook om te ewe of jy 'n lang of 'n kort tyd op aarde sal wees, as jy die genade van die beliggaming as mens nie benut het en jou siel tot haar uiteindelike voltooiing bring nie.

En al bereik jy 'n hoë leeftyd, jou aardse lewe is tog maar kort in vergelyking met die tyd van jou voorafgaande ontwikkeling. Desondanks is 'n kort leeftyd op aarde ook voldoende om jou doel op die aarde te verwesenlik. Dus is jou rypheid nie afhanklik van die duur van jou lewe op aarde nie, **maar slegs van jou wil om jou bestaan doelmatig te benut**.

En steeds weer word daar aan jou, deur die Woord van God, die ware weg gewys om die voltooiing van jou siel te bereik.

Steeds weer word die Goddelike gebooie van die liefde vir jou voor oë gehou, waarvan die nalewing daarvan **die enigste doel van die menslike bestaan i**s, - want die liefde kan jy altyd beoefen. Jou siel sal voordeel daaruit trek as jy 'n lewe in liefde lei.

Hou jy egter nie hierdie twee gebooie nie, dan is jou lewe nutteloos en jou verantwoording des te groter, hoe langer jou aardse lewe duur. Dan kan jy slegs dankbaar wees wanneer jou lewe verkort word en die moontlikheid nog oorbly van 'n vêrdere ontwikkeling in die ryk hierna, - sodat jy nie heeltemal verlore sal gaan gedurende die einde van die tye nie, waar elkeen volgens sy werke geoordeel sal word.

Amein.